## 6 April - FEES

**Skrifgedeelte:Eksodus 12:1-14**
**Fokusgedeelte: Eksodus 12:14**

'N FEES is darem maar lekker! Dit is nog ver en reeds tel jy die dae af; jy kan nie meer wag nie! Dan vind die fees plaas! As dit 'n goeie fees was, word die fees elke keer wanneer jy dit onthou, sommer weer van vooraf gevier.

Die Here gee feeste aan sy mense. Hy wil hê ons moet bly wees. Ons lees van die besondere fees wat Hy sy mense opdrag gee om te vier: die Pasga of Paasfees. Dit was 'n terugkyk-fees. Elke Israeliet kon met dankbaarheid terugkyk na die verlossing uit Egipte. Dit was ook 'n uitsien-fees. Hierdie fees het hulle vertel van die beter Paaslam: Jesus Christus.

Elke keer wanneer die Israeliete die fees gevier het, moes hulle bly wees: bly oor wat die Here reeds vir hulle gedoen het, en bly oor wat Hy nog vir hulle gaan doen.

Die Here gee ook aan ons feeste om te vier. Elke erediens, elke Nagmaal en elke doop moet mos 'n fees wees. Dan is daar ook nog ander feeste. Met my verjaardag of huweliksherdenking kan ek terugkyk na wat die Here alreeds vir my gedoen het, en vorentoe kyk en weet: Hy gaan aanhou goed vir my wees!

Met ons kerkfeeste, soos die 150-jarige herdenking, dink ons daaraan dat Hy altyd getrou aan sy beloftes was en steeds daaraan getrou sal bly.

Die Here beveel sy mense om nooit op te hou met feesvier nie! Hy wil vandag nog steeds 'n blye kerk hê. 'n Kerk met mense wat bly is omdat die Lam, Jesus, vir hulle geslag is, en dit in elke erediens vier. 'n Kerk wat opgewonde daaroor is dat sy die bruid van die Lam is en wat uitsien na die fees van alle feeste: die bruilof van die Lam!

*Sing: Psalm 111:1, 2 (2001)* *Ds D van 't Zand (Witpoortjie)*